

# Die uitstappie (Deel 3)



LekkeLees.com

omnibus

**Hierdie reeks word opgedra aan my ma, Marie Snyman.**

**Ma is die rede dat ek skryf, my drome volg en nooit opgee nie!**

**† 1962 - 2022**

## **KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**

### **Neem kennis:**

Enige materiaal van [LekkeLees.com](http://LekkeLees.com) mag nie gedruk of versprei word sonder skriftelike toestemming van die skrywer nie. Indien u as skool, departement of individu die materiaal wil druk, versprei of gebruik vir enige ander doeleinde, stuur 'n e-pos na [lekkeleesdotcom@gmail.com](mailto:lekkeleesdotcom@gmail.com) vir toestemming.

*Wet op Kopiereg, 1978.*

**(omnibus — deel 3)**

Toe Mila opkyk, sien sy *dit*, 'n vet, lywige vuurvliegie.

Sy het nog net van vuurvliegies gehoor, maar *die* helder kreatuur is beslis deel van daardie familie ... en oorgewig ook!

“Wie — wie is jy?” vra Mila nuuskierig, tog versigtig.

“My naam is Visagie, die vuurvliegie van die bos,” antwoord hy trots.

“Vuurvliegie van die bos? Beteken dit daar is net een van jou?”

“Maar natuurlik,” antwoord Visagie.

“Ek is die rigtingaanwyser na van *die* belangrikste plekke in die bos,” antwoord hy en vlieg na 'n ander tak bo Mila se kop.

Mila kyk verbaas op en sien hoe die vuurvliegie van bokant haar kop na haar staar.

Kan dit wees? 'n Vuurvliegie wat praat?

Mila voel of sy regtig in 'n fliek is waar sy een van daardie agtergrondkarakters is.

“*Uhm*, oukei en hoekom praat jy?” vra Mila verbaas.

“Want ek is nie net enige vuurvliegie nie ... ek is 'n spesiale bos-vuurvliegie.

Mila klik haar tong — “wat ook al dit beteken.”

“*Dit* beteken dat daar baie dinge in hierdie bos is waarvaan net *ek* weet,” antwoord Visagie vies.

“*Is ditttt?*” vra Mila parmantig.

“So wat is dit wat net jy kamstig van weet?” probeer Mila uitvis.

“*Mmmmm* wel, jy sal maar moet wag en sien,” lag Visagie.

Mila wil haarself sommer vererg en die bosse inloop, maar Visagie kom sit op haar skouer.

“*Swhoe* jy nou, ek is nie lus vir speletjies nie,” antwoord Mila kwaai en swaai haar hand na hom toe.

Dis donker, sy is in die bos en daar is 'n vuurvliegie wat kan praat. So, *hoeveel* erger kan die aand nou nog raak?

“*A nee a*,” antwoord Visagie.

“Kom, ons het 'n ver pad om te loop,” sê Visagie en vlieg vooruit om Mila se pad te belig.

Mila wil nog stry, maar trek toe haar skouers op en volg Visagie dieper die bos in.

Snaaks, nou het sy nie eens haar flitslig nodig nie. Sy het haar eie *custom made*, dink Mila.

“*Hiert*, waarvoor lag jy?” vra Visagie ontsteld.

“Ek weet my boudjies is vet, maar ten minste gee hulle vir jou lig,” antwoord hy vies.

Mila sug, “So hy is vreemd en sensitief — *wonderlik!*”

“Toe nou, jou lig is ten minste ... *eh* ... helder en mooi,” stotter Mila die woorde sodat hy nie *weer* op sy perdjie spring nie.

“*Eina, blikemmer!*” skree Mila.

Sy kyk op en sien dat sy in die oorhangende tak voor haar vasgeloop het. Vies vee sy oor haar voorkop om te voel of sy nie 'n eier op haar kop het nie.

“Jy moet beter lig gee, dan sal ek nie in takke vasloop nie,” snou Mila Visagie toe.

\*\*\*

Mila en Visagie stap al amper 'n uur lank en Mila raak nou *baie* bekommerd. Haar ma sê altyd dat sy *nie* saam met vreemdelinge mag gaan nie — maar wat is Visagie? 'n Vreemdeling of net 'n *freaky* vuurvliegje?

Sy kan nie dink dat vuurvliegies kan byt of jou steek met 'n angel nie.

“Toe, wat dagdroom jy so?” vra Visagie.

Mila keer terug na die realiteit en kyk rondom haar.

Die digte bosse het verdwyn en die omgewing raak meer gelyk met sand en klippe wat orals om hulle lê.

Dit lyk komplete soos die Steentyd en of niemand nog hier probeer kom het nie.

“*Oukei*, so waar is ons?” vra Mila geïrriteerd en gooi haar hande in die lug op.

Moet nou nie sê sy het *al* die pad in die donker bosse geloop net om na grond en 'n paar ou klippe te kyk nie?

“As jy ophou onnodige vrae vra en jou oë oopmaak sal jy dit sien!

Visagie vlieg vooruit en met sy boudjies maak hy 'n helder lig.

Mila trek haar asem skerp in.

Kan dit wees?

Voor haar is 'n ou grot, gevul met sand, klippe en kristalle wat van die grot se dak afhang, en dit voel kompleet asof sy in 'n flik is.

“Kom, moenie bang wees nie — jy kan ingaan,” antwoord Visagie en vlieg voor Mila uit.

Toe sy die grot binnegaan, sien sy die prentjies waarvan die skeeloozman gepraat het, elke tekening is anders, so asof dit 'n storie probeer vertel, maar van wat?

Sy besef skielik dat dit die grot moet wees waarvan Roelof gepraat het ... maar wat as hy uitvind sy is hier?

“Visagie, jy moet my terugvat ... as Roelof uitvind ek is hier, sal hy my ... *urg* ek wil nie eens dink wat nie,” antwoord Mila bang.

“Moet jou nie oor hom bekommer nie, hy is ook 'n **skatte-kind**,” antwoord Visagie.

“'n Wat?”

“'n *Skatte-kind*,” spel Visagie dit vir Mila uit.

“Wanneer die bosbewoners aanvoel dat iemand nie hier *wil* wees nie, bring ons hulle na die grot van skatte en geheime. En elkeen van daardie kinders mag 'n skat kry, wat hulle sal herinner aan hoe mooi die bos werklik is.”

“So, wag ... Roelof weet van die *sogenaamde* skat?”

“Natuurlik,” antwoord Visagie.

“En hy weet dat jy 'n skatte-kind is.”

“Die bos is 'n plek waar jy die skoonheid kan sien van alle lewende organismes, diere en allerhande vreemde plante — pasop vir daai pers een ... hy laat jou maag nogals bietjie spuit!” antwoord Visagie en kyk vies na die pers bessiebos.

“Maar wat ek *eintlik* probeer sê, is dat die bos die plek is waar jy jousef vind. En omdat jy nou 'n skatte-kind is, mag jy altyd terugkom na die grot toe.”

Mila stap dieper die grot in en voel asof daar 'n rustigheid oor haar kom. Wie sou nou dink dat die bos met al sy grille en geite so *cool* kan wees?

Voor haar sien sy 'n kis wat onder sand toegegooi is. Sy kniel en krap die sand af tot sy die mooi goue kis sien.

Sy kyk na Visagie en maak die kis stadig oop.

“*WOW!*” is al wat sy uitkry.

In die kis lê daar 'n klomp fyn armbandjies wat uit klip, grassade en oeroue kristalle gemaak is.

“Toe nou, vat vir jou een,” sê Visagie tevrede en wikkel sy boudjies.

Mila tel een van die bandjies versigtig op en sit dit om haar pols.

“Dis werklikwaar so mooi,” sê sy sag.

Sy beseft nou dat die bos 'n plek vol geheime is ... en sy wil *nog* meer daarvan leer.

Mila staan op, draai na Visagie en glimlag breed.

Sy het haar liefde vir die bos gevind, in hierdie grot van skatte.

\*\*\*

Terug by die kamp hardloop meneer de Bruin op en af soos 'n mosbolletjie wat oor die terrein hop. Hy kan nie *glo* dat een van sy kinders net in die bos in verdwaal het nie. Tipies Mila dink hy, wil altyd anders wees.

“En hoekom is jy nie gestres nie?” vra hy kwaai vir Roelof.

Roelof trek sy skouers op.

“Die bos is 'n plek waar jy gevind word, nie verlore raak nie,” antwoord hy geheimsinnig en loop na die kant van die kamp toe.

“Wat op aarde?” mompel meneer de Bruin vir Roelof se verregaande antwoord.

Hy wil nog weer met Roelof redekawel, toe hy sien hoe Mila deur die agterste hek van die kamp aangestap kom.

Soos Mila aankom, kyk sy vas in Roelof se oë.

In plaas van vrees, vryf sy haar bandjie en hulle glimlag vir mekaar. Hul elkeen is skatte-kindere wat die geheim van die bos bewaar.

“Toe, kom,” sê Roelof.

“Daai mosbolletjie gaan nou ontplof,” lag Mila en Roelof lekker voor hulle weer die kamp aandurf — elkeen met sy skat om hul arm.

\*\*\*

Toe Mila se ma haar daardie Sondag kom oplaai, kan sy haar oë nie glo nie. Haar kind glimlag en straal van geluk. Wat op aarde was in daardie bos?

“En? Hoe was dit?” vra Marie skepties.

“Wonderlik ...” antwoord Mila opgewonde.

“Dink mamma vir die volgende vakansie kan ons dalk in die bos gaan kamp?”

Marie gooi amper die kar om, kyk na haar kind en skud haar kop.  
Daai bostrippie moes darem maar *wragtie* goed gewees het!